LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

15-07-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 23 VIR 2019

1 VOORSTE HEKKIE BY ONTVANGS:

- U is bekend met die hek in Voortrekkerstraat waar die leerders soggens inkom en smiddae verdaag. Daardie hek sal vanaf vandag, 15 Julie, 2019 om 07:30 gesluit word en eers weer 13:00 oopgesluit word vir die leerders wat dan verdaag.
- Op aanbeveling van die veiligheidskomitee en SAPD sal die klein hekkie nie meer gebruik word vanaf 11 Julie 2019 nie.
- U moet die nuwe hekkie aan die regterkant by die interkom gebruik om toegang tot die skool te verkry, gedurende skoolure.

2 OUERAAND:

- Maandag, 15 Julie 2019 vind ons Oueraand plaas. Respekteer mekaar en wees asb. betyds vir u afspraak.
- Parkering beskikbaar op die rugbyveld.

3 KOOR:

- Juniorkoor oefen Maandag, 15 Julie 2019 vanaf 14:00 - 14:45.
- Seniorkoor oefen op Woensdag, 14:00 tot 15:30 en dogters moet asb. hulle R110 onthou vir hulle koorbroeke.
- Eisteddfod vir beide kore vind plaas op Woensdag, 31 Julie 2019 om 14:00 in ons skoolsaal.

4 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

- Kunsstukke moet 15 Julie 2019 ingehandig wees by Juf. Lizelle (Juniors - Gr. 1-3) en by Juf. Madeleine (Seniors - Gr 4-7).
- Jou naam en van en die naam van die stuk moet agterop die kunsstuk staan. Geen laat inhandiging sal aanvaar word nie.
- Leerders het verlede Donderdag reeds hulle briefies met tye vir deelname aan Eisteddfod ontvang.
- Indien leerder nie 'n briefie ontvang het nie, rig navrae aan Juf. Lizelle.

5 ***SPREEKKOOR:***

- Ons oefening begin weer vandag, 15 Julie 2019 in Juf. Monica se klas. Almal moet daar wees.
- Eisteddfod is op 31 Julie 2019 om 14:00 by Heidelberg Public. Briewe volg later met reëlings.

6 KULTUURAANDVERGADERING:

Al die Graad 6 ouers word versoek om op Donderdag, 18 Julie 2019 om 18:00 die Kultuuraandvergadering van 2020 by te woon in die skoolsaal. Parkering is beskikbaar op die rugbyveld. Tafelbesprekings gaan dan gedoen word, dus is dit belangrik dat u daar is.

7 CONQUEROR WAENTJIE PROJEK:

- Hierdie is ons laaste GROOT fondsinsamelingsprojek vir die jaar.
- Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir 'n groot poging van die ouers en leerders.
- Ons loot 'n Conqueror waentjie, Courage Trailer, uit ter waarde van R127 000.
- Elke leerder het 'n boekie ontvang met 10 kaartjies in teen R100 'n kaartjie.
- Trekking vind plaas by die Varkfees.
- Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop wen R1000.
- Die gesin wat die meeste kaartjies verkoop wen die waarde van 1 jaar se skoolgeld vir 2 kinders.
- Vir elke 5de kaartjie wat verkoop word, mag leerders gewone klere aantrek en elke 10de kaartjie kry die kind 'n snoepie koopbewys by.

8 VARKFEES:

- Vanjaar vind ons Varkfees plaas op 6 en 7 September 2019 by Heidelberg Vliegveld.
- Maak seker u besoek die webblad, www.varkfees.co.za, vir die kunstenaars wat optree en die program vir die naweek.
- Ons maak weer staat op ons ouers se hulp tydens dié fees.
- U sal 'n brief en skeurstrokie ontvang waarop u asb. vir ons u diensbeurte en tye sal voltooi.

9 DRAMAKLUB:

Die dramaklub vat weer vlam hierdie kwartaal en ons fokus op skryf en opvoer van prosastukke. Ons kom Woensdae 15:30 - 16:30 in die mediasentrum bymekaar.

Kontaksessies:

17 Julie; 24 Julie; 31 Julie; 14 Augustus; 21 Augustus

10 LANDLOOP:

- Landloop oefening: Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 15:00 - 16:00 by Hoër Volkskool se sportvelde.
- Vrydag, 19 Julie 2019 neem ons deel te Randvaal. Bussies vertrek 13:00. Leerders sal briefies ontvang.

11 KRIEKET:

- Baie geluk aan die volgende seuns wat die Sedibeng streek gaan verteenwoordig vir 2019:
  0/9 - Kian Baird; 0/10 - Jan Venter en Francois Smith; 0/13 - Dihan J.v. Rensburg.
- Oefentye:
  Maandag:
  0/13A - 14:00 - 15:30 en 0/13B - 14:00 - 15:00
  0/11 + 0/10 + 0/9 - 14:00 - 15:00
  Dinsdag:
  0/11A - 14:00 - 15:00 en 0/11B - 14:00 - 15:00
  Donderdag:
  0/13A - 14:00 - 15:00 en 0/13B - 14:00 - 15:00
- Indien daar enige verandering is, sal leerders en ouers in kennis gestel word.

11.1 MINI-KRIEKET:

Oefening begin op Maandag, 22 Julie 2019 elke Maandag en Woensdag vanaf 14:00 - 15:00 op ons skool se velde vir Graad 1 en 2 seuns.

12 HOKKIE:

Dogters het reeds verlede Donderdag hul briewe rakende oefentye en wedstryddatums ontvang.

12.1 MINI-HOKKIE:

Oefening begin Dinsdag, 16 Julie 2019 op ons rugbyveld - elke Dinsdag en Donderdag:
Gr 1 seuns en dogters - 13:00 - 14:00
Gr 2 seuns - 13:00 - 14:00
Gr 2 dogters - 14:00 - 15:00
Gr 3 seuns en dogters - 14:00 - 15:00

12.2 SEUNSHOKKIE:

Seuns oefen hokkie vanaf 15:45 tot 17:00 te Hoër Volkskool se velde by netbalbane.

13 GRAAD R REGISTRASIE VIR 2020:

- Ons amptelike Graad R Opedag vir 2020 is op Vrydag, 13 September 2019 om 08:00 tot 11:00 in ons skoolsaal. Opening vir ouers en kleuters sal 08:00 wees, waarna almal saam na die Kleuterskool sal verdaag vir die res van die program.
- Ouers kan wel vanaf 1 Augustus 2019 registrasievorms by die Navraekantoor of vanaf die skool se webblad afhaal.
- Volledig voltooide registrasievorms moet voor of op 18 Oktober 2019 by die Navraekantoor ingehandig word.

14 *SKAAK:*

- Woensdagaand skaakoefening vir al die spelers wat in die Individuele kampioenskappe gespeel het, vanaf 18:00 - 19:00 by Hoër Volkskool. Plek sal deurgegee word.
- Ligawedstryd is op 3 Augustus 2019 by Laerskool Voorwaarts. Inligting volg later.

15 **REVUE -FONDSINSAMELING:**

Daar word Vrydag, 2 Augustus, "Cheesegriller" rolletjies en 'n "Funky hairday" gehou vir R15. Bestellings word by die register onderwysers geplaas.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF